In die hoogste Britse regeringskringe is die planne nie aangemoedig nie. Hulle het Kruger se sterk persoonlikheid nie onderskat nie.[104] Kruger het hom later daarmee versoen dat hy nooit weer na Suid-Afrika sou terugkeer nie, maar het daarna ŉ lydelike houding ingeneem waarmee hy volhard het tot sy dood. Die doel van die generaals se besoek aan Europa was ook om geld in te samel om die landelike bevolking in Suid-Afrika weer op die been te help. In Brittanje het hulle koning Eduard VII ontmoet.[105] Oral waar hulle gegaan het, het die generaals ŉ heldeontvangs gekry, maar die Britte, asook die Duitse staatsamptenare, het die drie mans koel behandel. Die Britse regering het eers geweier om meer as die £3 miljoen waarop tydens die vredesonderhandelinge ooreengekom is, toe te staan. Botha het daarop ŉ artikel in Brittanje gepubliseer waarin die Britte op hulle plig gewys is om die verslane volk, wat nou hulle onderdane was, te help. Dit het die gewenste uitwerking gehad. Die £3 miljoen is toe verhoog tot £8 miljoen en Joseph Chamberlain (1836-1914) het besluit om persoonlik na Suid-Afrika te gaan om vas te stel of dit voldoende sou wees. Indien dit sou blyk dat meer geld benodig word, sou hy by die Britse parlement ŉ verdere bedrag aanvra.[106] Die drie Boeregeneraals, Botha, De la Rey en De Wet, het daarna na Suid-Afrika teruggekeer.

Nog voor hulle na Europa vertrek het, het hulle aan Engelenburg geskryf en hom gepols oor ŉ moontlike publikasie oor die oorlog. Engelenburg was egter van mening dat die tyd nog nie ryp was vir ŉ boek nie, maar dat die generaals se behoefte aan so ŉ publikasie aandag verdien het. Hy het gemeen dat die titel iets kon wees soos *Kommentare, Bydraes, Herinneringe* of iets dergeliks. Hy het die inhoud van die boek soos volg voorgestel:
ŉ Inleiding: onderteken deur presidente Kruger en Steyn.
Eerste helfte: ŉ *histoire politique*; ŉ Vrystaatse hoofstuk deur Fischer; ŉ hoofstuk oor die Kaapkolonie deur Malan, en ŉ Transvaalse hoofstuk deur Engelenburg indien daar niemand anders gevind kon word nie.
Tweede helfte: ŉ *histoire-bataille* geskryf deur Botha, De Wet en De la Rey.

---

104 F.V. Engelenburg, "Paul Krüger as balling I", *Die Volkstem*, 09.10.1931.
105 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 91-98.
106 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 100-101.



Illustrasie 56: Gedenknaald vir gestorwe Boeregeïnterneerdes in die Cemitério Inglês (Engelse kerkhof) in Estrêla, Lissabon. Foto: Linda Brink, November 2011.